**11 Februarie**

Skrifgedeelte: Josua 10:9-25
Fokusgedeelte: Josua 10:24

# Vernedering van oorwonne vyande

Stel jou voor: vyf oorwonne Amoritiese konings wat knielende vooroorbuig met hulle gesigte teen die grond, terwyl die aanvoerders van Israel nadergeroep word en beveel word om elkeen met die voet 'n vernederende trapplek op hulle nekke te kry. Só sluit die langste dag in menseheugenis af. Die vyande van God en sy volk word in die stof getrap, hulle word tot 'n voetbank vir sy voete gemaak. Hulle word doodgemaak. Want al slaan Israel onder aanvoering van Josua 'n groot slag onder die Amoriete, is dit eintlik God wat handel. Dit is Hy wat die vyand in verwarring gebring het, dit is Hy wat hulle bestook het met haelstene en dit is Hy wat die son en maan laat stilstaan het op gebed van Josua sodat die volk hulle kon wreek op hulle vyande.

Is wreek nie te wreed nie? Is die oorloë van Israel met die nasies nie te erg nie? Nee, nie as ons rekening hou met Satan nie. Hy, die Bose, het die heidennasies teen God aangehits, hy het hulle tot sulke ontsettende booshede geprikkel dat Israel en sy leiers deur God gebruik is as wrekers van die kwaad en uitvoerders van sy geregtigheid. Die stryd van die heidennasies teen Israel is niks anders as opstand van Satan teen die Heilige van Israel nie. So het Josua dit verstaan in die Ou Testament. Daarom sy opdrag vir die nektrappery, dit is 'n teken van die vernedering van oorwonne vyande. Die Here regeer. Dit het niks met kleinlike wraakgierigheid te doen nie.

Hoe moet ons in die Nuwe Testament dit verstaan? Die stryd duur voort! Maar ons lewe in 'n nuwe fase van die stryd. Ons lewe ná die kruis-en-opstanding-en-hemelvaart van ons Here Jesus Christus. Op waarskynlik die kortste dag in menseheugenis, toe dit van 12:00 tot 15:00 donker was, het die toorn van God gebrand teen sy Eniggeborene wat die sonde van die hele mensdom op Hom geneem het. Hy het sy lewe afgelê om dit weer te neem. Deur sy opstanding het Hy die dood en Satan oorwin en alle mag in die hemel en op aarde ontvang. Die hemelvaart was sy troonbestyging met sy vyande die voetbank vir sy voete. Sy voete het Hy op die nek van Satan gesit.

Ons beleef tans die aanslag van drie doodsvyande: die duiwel, die ongelowiges en ons eie sondige hart. Trouens, die aanslag is so sterk dat dit deurlopend is. Ek voel dikwels tot my beskaming die brandpyn van my sondewonde. Maar ek leef uit die oorwinning van Jesus Christus. Die Heilige Gees staan in my op met 'n nuwe gehoorsaamheid. Want … ek sien die Seun van God met sy voete op die nek van sy en my vyande.

Sing: Psalm 2:1, 6 (Totius)

Ds JJ de Kock (Vaalharts)